## 8 Oktober - SKEPPING

**Skrifgedeelte**: Jesaja 40:12-26
**Fokusgedeelte**: Jesaja 40:26

Mense wat die Bybel krities benader, se wegspringplek is gewoonlik by die skepping. "Wat die Bybel sê, is strydig met die wetenskap," sê hulle. Ons lees al in Jesaja 40:21 iets soortgelyks! Satan trek graag mens se aandag af van die hoofsake!

Só kan mens rondom die skepping ingetrek word in iets wat ons noem 'n *apologetiese benadering* tot die Bybel. Ons is dus so besig om te verdedig teen die dwaalleer dat ons self nie meer hoor wat die Here sê nie. Wat moet ons dan hóór as ons in die Bybel van die skepping lees?

Vers 12 vra 'n retoriese vraag. Dit beteken: die antwoord is so voor die handliggend dat die antwoord nie eers gegee word nie. Wie het geskep? Die Here, natuurlik. Genesis 1:1 sê dit uitdruklik. Die woord wat gebruik word, impliseer "iets maak uit niks".

Dit is die eerste ding wat ons as gelowiges oor die skepping moet weet: Gód het alles uit niks gemaak. Die implikasie hiervan is geweldig! Want dit sê: Die skepping – en die mens – is nie 'n doellose, kosmiese toevalligheid nie, maar die persoonlike handewerk van die almagtige God. Hy het immers alles geskape volgens sy eie raad, vir sy eie doelwitte.

Vers 26 sê: *"Kyk op na die hemel!"* En as mens die magtige handewerk van God sien, dan word jy geroep om Hom te verheerlik. Jy kan net in verwondering staan! Hoe gróót is die God wat al hierdie dinge gemaak het nie?! Ja, dit is sy doelwit met alles wat Hy geskape het: om Hom te verheerlik. Maar nie nét omdat Hy dit gemaak het nie, Hy sorg óók dat nie een van die sterre ontbreek nie (vs 26).

Dit beteken eenvoudig: Hy bly betrokke. En as Hy vir die sterre sorg, hoeveel te meer nie vir óns, die mens, die kroon van sy skepping nie. Johannes 1:18 sê: *"Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."*

God sorg.

*Sing: Psalm 8:1–5 (2001-omdigting)* — *Dr AJ Krüger (Benoni)*